Uitgawe: 9/1/2018 **Laaste nuusbrief vd kwartaal** **Datum: 15 Maart 2018**

Uit die kantoor:

BL verkiesing:
Baie dankie aan elke ouer wat kom stem het - 430 ouers het kom stem en ons het ons kworum van 220 maklik gehaal. Hierdie is maar net nog ‘n voorbeeld van Tjokkies se ouerbetrokkenheid en ondersteuning. Die volgende ouers is tot die Beheerliggaam verkies:

Me Perle du Plessis
(Rekenmeester)
Mnr Johannes Kriel
(Geoktrooieerde Rekenmeester)
Dr Juanita Meyer
(Dosent / Navorser / Pastorale gesinsterapeut)
Mnr Riaan Strydom
(Adjunk direkteur Onderwys-dept)
Mnr Justus v Rooyen
(Fisioterapeut)
Mnr Chris Volsoo
(Prokureur)

Baie geluk en dankie dat u u verbind tot diens van die skool vir die volgende drie jaar.

Weereens dankie aan al die ouers wat hulle as kandidate beskikbaar gestel het. Ek wens regtig ons kon almal verkies het.

BELANGRIKE DATUMS

16 Mrt: Mini-Netbaltoernooi by Willem Postma. Die dogtertjies wat deelneem, het die reëlings ontvang. Leerders wat deelneem mag om 12h15 afgehaal word.

19 Mrt: Toetsweek. Sien rooster wat gesirkuleer het.

0/9 Netbalkliniek. Spelers het die inligting ontvang.

Beheerliggaam konstitueringsvergadering om 17:30

20 Mrt: 0/9 Netbalkliniek

21 Mrt: Menseregtedag. Geen skool nie.

Seniorkooroptrede by Pellissier NG kerk. Koorlede kry die reëlings.

23 Mrt: PBS Netbaltoernooi vir 0/12 & 0/13 A & B spanne. Die reëlings is gekommunikeer.

0/12 Hokkieproewe. Die genomineerde spelers het die inligting ontvang.

VOORTREKKER GESINSMIDDAG
Alle kinders is welkom – sien aangeheg die volledige program.

0/10 & O/11 Netbaltoernooi te Jordania in Bethlehem.

BELANGRIKE DATUMS

24 Mrt: Moontlike 0/9 Rugby/Netbaldag te WP. Reëlings sal nog deurgegee word.

26 Mrt: 0/10 – 0/13 Netbaltoernooi by Bloemfontein Laerskool.

29 Mrt: 0/11 & 0/13 Rugbytoernooi te Jordania in Bethlehem

Die skool sluit om 10:00. ‘n Aangename vakansie word elkeen toegewens asook ‘n geseënde Paasfees!

10 Apr: Die skool heropen

MUSIEK

Me Maretha Steyn ontvang ‘n sertifikaat vir uitstaande klavieronderrig van UNISA. Hierdie is ‘n uitsonderlike prestasie aangesien minstens 10 leerders die klaviereksamen in 2017 met lof (80% en meer) moes slaag.

Deahané Lubbe word op Unisa se ererol vir uitblinkers geplaas met haar uitstekende punte (95%) vir musiekteorie gedurende die November-eksamen van UNISA in 2017. Baie geluk!

Alle musieklesse vir die eerste kwartaal staak op Vrydag 23 Maart 2018. Maak asb seker dat alle kwartaalgelde ten volle vereffen is.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

VOORTREKKERS

Die hemde is beskikbaar by juf Lizette @ R130 vir die kleiner hempies en die volwasse groottes @ R150 elk.

VERJAARSDAE

8 April - Juf Lize-Mari Oosthuizen, Sotho-juffrou.

Gr 7 GEMEENSKAPSPROJEK

"Street Store" word op 19 Mei gehou. Dit is 'n interkerklike inisiatief wat jaarliks in Bfn plaasvind. Streetstore voorsien jaarliks aan meer as duisend haweloses kledingstukke. Ons as omgee-Tjokkies wil graag handevat met die organiseerders en klere insamel tot einde Maart. 'n Houer gemerk "Street Store" is in die voorportaal waarin u asb ou, heel klere kan plaas. Enige klere vanaf babaklere tot klere vir volwassenes – somer of winter.

Ons glo deur deel te neem aan hierdie besonderse projek, ons baie lewens in ons stad kan aanraak en sorg vir 'n warmer winter vir baie.

SNUFFELS (Herhaal)

Huis te koop op pypsteelerf in Boersmastraat Universitas. Naby skool (Tjokkies) en die Universiteit. 3 slaapkamers, twee badkamers, ooplan kombuis en woonvertrek. Dubbel motorhuis. Grootte van huis is 200m² en erf is 750m². Privaatingang en veilig. Prys R1 250 000 direk van eienaar. Kontak 0823379446 Beskikbaar vanaf 1 Mei 2018

Huis te koop in Boersmastraat. 3 slaapkamer, drie badkamers aparte gastekamer met badkamer, studeerkamer, dubbelmotorhuis met afdak vir twee motors. Groot lapa met ingeboude braai asook 'n buitekamer met eie badkamer. Palisade omheining en alarmstelsel. Prys R1 950 000 direk van eienaar. Skakel 0823379446

Strandhuis te huur: Hartenbos
Slaapplek vir 8 mense
Stapafstand vanaf strand
R1 200 per dag tydens skool-vakansie.
Kontak Christa 083 561 5729

SNUFFELS

Werk jy die komende vakansie en weet nie hoe om jou kinders opbouend besig te hou nie? **Young Entrepreneurs bied weereens 'n LEKKER Vakansiekamp die 5de - 6de April aan!**
Van 08:00 tot 17:00 gaan ons speel, leer en groei saam met u kinders!

Die hooffokus van die kamp is om **selfvertroue** in u kind te bevorder!

Die dae sal insluit; snacks, middagete, interaktiewe speletjies, 'n avontuur-wedloop, Slip 'n Slide, "craft"-sessie en buitelugaktiwiteite!
Sommige van die uitkomste van die kamp sluit die volgende in; spanbou, selfbewustheid, kommunikasie, kreatiwiteit, kritiese denke en probleemoplossing!
Besonderhede van die kamp:
Datum: 5-6 April
Waar: Mizpah Lodge, 6 Ray Champion Drive Bloemfontein.
Ouderdomme: 7-12 jaar
Tyd: 08:00 – 17:00
Koste: R400 vir een dag
R700 vir al 2 dae
** Koste sluit in: Werkblaaie, Kunsmateriaal vir die maak van produk, snacks & middagete.
Beperkte ruimte ... Bespreek jou plek NOU!
Vir meer inligting kontak Wesna by 087 287 4038
marketing@younge.co.za

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com